


S.A. POLISIE
SWERWER-
SPEURDER
REEKS
No. 16.
Beeldskone
Erfgenaam.
Gys van Graan

Sonder ’n woord mik Obed na die tafel waarop die twee kerse staan. Dit lyk egter asof Stiggie sy plan kan raai, want die boef spring op hom af met uitgestrekte arms. Obed pluk hom tussen sy lyf en Klem se rewolwer in en duik blitssnel onder die tafel in. Hy laat Stiggie los en swaai tafel op sy kant sodat dit in sy lengte regop staan. Die kerse waai deur die lug en die vertrek is in donker gehul. Dit duur ’n rukkie voordat Obed se oë aan die duister gewoond raak. Wat hy egter in die doflig sien, laat hom soos ’n veer agter die tafel uitwip. Klem gewaar die beweging en sy spottende stem kom skerp deur die stilte.



INHOUD


Hoofstuk Bladsy

1. 'n Kwaai Blou-oog-nooi ..... 3

2. Tessa speel Verpleegster ..... 11

3. Amos en Jagter loop deur ..... 30

4. Onverwagte Gaste ..... 43

5. Sers. Eksteen krap Kop ..... 58

6. Geveg in die Donker ..... 73

7. Saghartige Rampokker ..... 85




## 'N KWAAI BLOU-OOG-NOOI

Obed de Swardt lig sy voet van die versneller af en voel hoe die kragtige motor se snelheid verminder. Die draai voor hom in die pad is skerp en aan die linkerkant is 'n digte lap bosse wat die uitsig belemmer. Hy is reeds op die draai toe hy die ouerige motor skuins in die pad sien staan.

Sy hele liggaam verstyf soos hy rem trap, hy gooi sy lyf regs saam met die wiel en ruk dan weer links. Onder gehuil van bande en die geknars van metaal op metaal skuur die motor met 'n ligte stamp tussen die ou motor en die baken langs die pad verby. Obed pluk die motordeur met 'n onderdrukte knoop oop en spring uit. Van onder die Plymouth se enjinkap staar twee bleek gesigte hom verskik aan.

Die jong man lyk om en by twintig. Sy gesig is donkerbruin gebrand deur weer en wind en dit is duidelik dat hy 'n jong boer is. Hy het gitswart hare en onder reguit winkbroue blink die paar blouste oë wat Obed nog in jare gesien het. Die meisie wat langs hom staan, is beslis sy suster. Hulle lyk so eenders soos 'n tweeling. Sy het dieselfde swart hare en diepblou oë. 'n Swart streep loop van haar blanke voorhoof tot op haar wang. Obed kan moeilik sy lag onderdruk en sy wrewel oor die gevaarlike manier waarop die twee hul motor in die pad gelaat het, is skoon vergete.

„Voordat ek julle enige hulp aanbied," sê Obed met 'n onderdrukte lag, „behoort ons darem eers jul motor uit die pad te stoot."

Dit lyk asof die jong man iets wil sê, maar daar kom geen woord oor sy lippe nie. Obed kyk na die meisie wat met 'n ongeduldige gebaar haar hare uit haar gesig stoot. 'n Tweede swart streep lê daarna oor haar voorkop. Obed proes dit uit van die lag en merk hoe die nooientjie se blou oë eensklaps vuur skiet.

„Is dit werklik so snaaks, Meneer," klim sy hom kwaai in. Haar stem is ietwat hees en wonderlik melodieus. Sy is egter so kwaad dat sy effens na asem hyg. „Ek weet daar is nogal mense wat genot kan put uit ander se ongemak, maar dis die eerste keer dat ek so iemand raakloop!"

,,Wag nou. Juffie," keer Obed laggend. ,,Ek lag nie oor jul teëspoed nie. Ek wil graag help. Maar ek kon julle en jul motor in 'n lelike ding laat beland het as ek nie remme anderkant die draai getrap het nie. As 'n mens van daardie kant af kom, kan jy nie jul motor sien nie," verduidelik Obed, sy oë nog steeds vol lag.

Die meisie lig haar mooi, geronde kennetjie en haal haar slanke skouers op. ,,As 'n mens ook teen negentig kilometer om 'n draai kom. . . nogal 'n blinde draai. . . dan moet hy moeilikheid verwag. Ons. . "

,,Maar, Juffie," val Obed haar ietwat ongeduldig in die rede. ,,Dis julle en jul motor wat die slegste daarvan gaan afkom as 'n motor. . ."

,,Ons kan vir onsself sorg, Meneer," antwoord die meisie kortaf. ,,Buitendien weier ek beslis om my tereg te laat wys of te laat help deur iemand wat so ongepoets is om mense wat in die moeilikheid sit, uit te lag." Toe rig sy haar tot die jong man asof Obed eenvoudig nie bestaan nie. ,,Syb, maak die handrem los. Ek sal die motor stoot. Dit staan op die afdraand en sal maklik loop."

,,Maar, Sus. Dis juis waarom ek die motor só getrek het!" roep die jong man uit. ,,Jy weet die battery is op nerf na gedaan. As ons die motor van die afdraandjie af stoot, gaan ons hom gedoriewaar nie hier wegkry nie."

,,Ek het 'n tou agter in my motor en Kroonstad is nie meer ver nie. Ek kan julle maar die endjie op sleeptou neem. Op die dorp sal daar seker 'n motorhawe wees wat diens verskaf gedurende die naweek," bied Obed goedig aan.

,,Baie dankie, Meneer," antwoord die nooientjie met 'n klank van finaliteit in haar lieflike stem, en haar aantreklike gesiggie is vasberade. ,,Ek skaam my dood om op sleeptou Kroonstad binne te ry. Ek is seker my broer sal die fout in die masjien kry. Die motor het sonder moeilikheid tot hier geloop, dus kan die fout nie baie ernstig wees nie."

,,Dalk is dit so," merk Obed op en weer eens moet hy sy lag onderdruk. Die nooientjie lyk te kwaad en die twee swart strepe langs haar gesig af prikkel sy lagspiere. ,,Motors het egter die vuil gewoonte om sommer sonder enige sigbare rede te gaan staan en dan wil hulle nie weer loop nie."

,,En u vind dit 'n groot grap. . ." begin die meisie bitsig.



maar haar broer pluk aan haar arm.

,,Sus," kom dit fronsend van Syb. ,,Ek hoop ons kom nie laat op Kroonstad aan nie. As ek vandag die kans misloop om te sien hoe Vrystaat die Vaalpense uittrap. . .!" Hy raak skoon uitasem by die gedagte aan so 'n moontlikheid en kyk pleitend na sy suster, wat blykbaar die oudste van die twee is.

,,Nee, Syb," hou sy hardnekkig vol. ,,Ek gaan nie op sleeptou Kroonstad binne nie."

,,Maar geen mens op Kroonstad ken ons nie, Sus," pleit Syb.

,,Syb, ek is seker dat jy die fout sommer nou-nou sal kry as hierdie meneer jou net die kans sal gee om daarna te soek," antwoord die meisie, haar blou oë kwaai op Obed gerig. ,,Daar is nog volop tyd vir die wedstryd."

Syb laat sy kop brom-brom sak en begin weer aan die masjien peuter. Obed probeer nogmaals die nooientjie ompraat, maar voordat hy iets kan sê, draai sy haar rug op hom. Skouerophalend stap hy weg. Onderwyl hy vir oulaas omkyk na die paartjie langs die motor, skud sy gespierde lyf van die lag.

Die nooientjie lyk werklik te koddig: so mooi, so kwaad en met twee swart strepe oor die mooi gesiggie. Hy kan aan die ruk van haar netjiese lyfie sien dat sy hom hoor lag. Voordat hy in sy motor klim, brand die blou oë nogmaals soos twee kole vuur op hom. Die groot motor snork weg in die rigting van Kroonstad en Obed begin dink aan die wedstryd wat voorlê.

Hy is die môre reeds vroeg uit Johannesburg uit weg. Soos gewoonlik is hy as vleuel gekies vir die Transvaalse span en hy sien werklik uit na die kragmeting wat die namiddag teen die Vrystaatse span gaan plaasvind. Dit was nie nodig dat hy so vroeg moes ry nie, maar hy wou voor die wedstryd iemand op Welkom gaan opsoek.

Kriel te Water was saam met hom op universiteit en het die vorige jaar saam met hom in Diggers se eerste span gespeel. Kriel is 'n knap myningenieur. Die maatskappy by wie hy in Johannesburg werksaam was, het moeilikheid met watersypeling in hul Vrystaatse myne ervaar. Hy was genoodsaak om daarheen te gaan om die moeilikheid te probeer oplos. Hy sou in die nuwe seisoen vir Vrystaat speel, maar hy is in 'n klein rotsstorting so ernstig beseer dat hy nog altyd

bedlêend is.

Aangesien Obed uit sure ervaring weet hoe Kriel moet voel, het hy besluit om sy ou maat 'n bietjie te gaan opbeur. Dit sou tog nie saak maak as hy voor sy spanlede uit Johannesburg vertrek nie en vooraf is beplan dat hy hulle die namiddag by die Central Hotel op Kroonstad sou ontmoet.

Kriel het so aangehou dat Obed die middag daar moes eet, dat die terugreis van Welkom af 'n bietjie later begin het as wat Obed gereken het. Hy kan egter op sy motor staatmaak en speel gewoonlik nie lank met 'n ent pad nie. Kort na die ontmoeting met die kwaai blou-oog-nooi en haar broer, seil die groot motor Kroonstad binne.

Obed hou voor die Central stil. Hy loop sy spanmaats in die sitkamer raak waar hulle kennismaak met 'n paar van die Vrystaters. Hy staan 'n oomblik en rondkyk voordat hy binnestap en voel 'n swaar hand op sy skouer te lande kom.

,,O, mnr. die Beroemde—of Berugte—Swerwer-speurder het darem toe op die spoor van die groot bulle afgekom," skerts Ekkie Eksteen hier langs hom.

,,Ek het op jou geur afgekom," antwoord Obed laggend.

Speurder-sersant Ekkie Eksteen is haker van Diggers se eerste span. Hy en Obed word gewoonlik saam vir die provinsiale span gekies en dit het van die twee groot rugbymaats gemaak. Afgesien van hierdie band van vriendskap is daar ander faktore wat Ekkie en Obed boesemvriende gemaak het.

Ekkie is een van die knapste speurders in die Johannesburgse polisie en in sy werk kry hy en Obed dikwels met mekaar te doen. Obed het reeds met sy private speurwerk wyd en syd beroemdheid verwerf as die Swerwer-speurder en kan Ekkie soms geweldig baie help omdat hy van metodes gebruik kan maak wat vir die polisie buite die kwessie is. Hy kan ook sneller optree, en weens sy verbasende vernuf, die ongeëwenaarde ervaring wat hy mettertyd opgedoen het en die verbysterende vermoë om misdadigers vooruit te kan dink, is hy die polisie dikwels voor met die oplossing van 'n netelige saak. Party keer tree hy onafhanklik op en bring misdadigers aan die man voordat die polisie selfs van die misdaad weet.

Hoewel Ekkie kort-kort van sy senior, maj. Dirk Laas, die Johannesburgse speurhoof, opdrag ontvang om Obed om



amptelike redes uit 'n saak te hou, maak Ekkie graag van Obed se hulp gebruik. In weerwil van amptelike opdragte het Obed en Ekkie af en toe bygestaan. Dit het Ekkie die wrewel op die hals gehaal van maj. Laas, wat Obed meer as 'n laspos en indringer beskou. Ekkie deel egter nie hierdie mening met sy hoof nie, maar kan nie nalaat nie om vroeg en laat Obed se been te trek oor die bynaam Die Swerwer-speurder waaronder sowel die polisie en die pers as die boewewêreld en heelwat van die algemene publiek hom ken.

Ekkie vererg hom kamma oor Obed se woorde en hy kyk sy frisgeboude spanmaat fronsend aan. ,,Kyk, mnr. die Swerwer-speurder, as die Transvaalse keurders jou as onmisbaar in die span beskou, moet jy nie gaan staan en dink dat dit ook my mening is nie. As ons vanmiddag 'n ander man gehad het om jou kolletjie op die veld vol te staan, het ek jou nou jou woorde laat insluk!"

,,Kyk, Eksteen," klim Obed hom konsuis kwaai in. ,,Dis net oor jou groot voete dat jy 'n plek in die span kry. Waar kry jy die reg om my keuse tot die span te kritiseer?"

,,Hoe lyk dit dan of die Vaalpense die ding vandag onder mekaar wil uitspook," kom dit laggend van 'n Vrystaatse speler wat 'n entjie van Obed-hulle af met 'n spanmaat staan en gesels.

,,Sal ons die vent nou buite aksie stel of wag totdat ons op die veld is?" verneem Ekkie van Obed.

,,Op die veld kan ons dit minder ooglopend doen," antwoord Obed wat sy oë nou trek en die Vrystater van kop tot tone bekyk.

,,As julle kêrels vandag gaan vuil speel, sal julle dit lelik ontgeld," kom dit verontwaardig van die Vrystater, waarop die omstanders uitbars van die lag. Een van sy spanmaats stel hom egter aan Obed en Ekkie voor en verduidelik dat die twee maar net gekskeer.

,,Is jy Obed de Swardt?" vra 'n jong man wat hom by die groepie kom voeg. ,,Ek het gedog Obed de Swardt is al 'n bejaarde man."

,,Dan sou hy tog nie vir die Transvaalse span rugby speel nie," sê Ekkie en kyk dan trotserend na sy maat, ,,hoewel hy soms beweeg asof hy al met die een voet in die graf staan."

,,Ek beweeg darem nog, maar jý. . .!"

,,Nee, maar regtig,'' hou die jong man vol. ,,My neef en niggie soek na 'n Obed de Swardt, maar ek het van hulle verstaan dat hy al 'n bejaarde man is.''

,,Ek hoop jy het hulle sterk afgeraai om hom in die hande te probeer kry,'' korswel Ekkie. ,,Soos jy self kan sien, kan 'n mens hom nie eens glo as hy sê hoe oud hy is nie.''

,,Ek is bevrees dat ek hulle nie sal kan ompraat nie,'' sê die jong man en kyk Obed op en af aan, asof hy Ekkie se woorde ernstig opneem. ,,Maar hoe speel jy dan vir Transvaal as jy in die Bosveld boer?'' vra hy eensklaps vir Obed.

,,Ek boer nie in die Bosveld nie,'' antwoord Obed verbaas.

,,Hy is selfs te oneerlik om 'n boer te wees,'' kom dit laggend van Ekkie. ,,Hy voer 'n bedrieërsbestaan in Johannesburg.''

,,Dan maak my niggie-hulle seker 'n fout,'' sê die jong man nadenkend. ,,Die Obed de Swardt na wie hulle soek, boer iewers in die Bosveld, sover ek kan onthou. Dalk het julle twee maar net dieselfde naam.''

,,Daar is nie nog iemand wat met so 'n naam opgeskeep sal wil wees nie,'' verseker Ekkie hom.

,,Daar móét een wees,'' hou die ander vol. ,,Die prokureur sal nog nooit met 'n naam 'n fout begaan nie.''

,,Watter prokureur?'' vra Obed verwonderd.

,,My neef en niggie s'n.''

Voordat Obed die man verder kan uitvra, kom die Transvaalse afrigter van die stoep af in. ,,Kom aan, kêrels,'' dreun sy stem bo die algemene geselsery uit. ,,Julle moet nou begin aanstaltes maak veld se kant toe. Dis al laat. As julle iets vir mekaar wil sê, kan dit wag tot na die wedstryd. Ons bly in elk geval vanaand hier oor.''

,,Jong,'' sê Ekkie vir Obed, toe die afrigter klaar gepraat het. ,,Daar wag 'n dringende sakie op kantoor wat ek môre-oggend vroeg moet afhandel. Ek kan nie vannag hier oorslaap nie, dan kom ek eers môre-namiddag in Johannesburg.''

,,Jy kan maar saam met my terugry,'' antwoord Obed half ingedagte en probeer van Ekkie af wegkom om die vreemde jong man verder oor sy neef en niggie uit te vra.

,,Dankie,'' sê Ekkie. ,,Ek sal die afrigter sê.''

,,Goed,'' antwoord Obed, wat al 'n entjie van hom af weg is.



Obed sien die jong man 'n entjie voor hom in die gang. Die man steek 'n oomblik vas in die ingang na die voorportaal en draai dan vinnig om. Hoewel Obed hom roep, beweeg hy met lang treë in 'n dwarsgang af. Toe Obed die dwarsgang bereik, is die man al buite sig. Daar is verskeie kamerdeure in die gang waarby die man kon ingegaan het en Obed steek onseker vas. 'n Ongeduldige stem wat uit die voorportaal kom en taamlik bekend klink, trek sy aandag. Hy draai om en bly met 'n uitroep van verrassing staan.

'n Breë glimlag sprei oor Obed se sterk, aantreklike gesig. By die ontvangskantoortjie staan dieselfde jong man en meisie wat hy geen uur gelede nie op die pad van Welkom af teëgekom het. Hulle merk hom nie op nie, want die jong man kyk met merkbare misnoeë by die voordeur uit en sy suster is in 'n hewige argument met die klerk gewikkel.

,,Maar ons wil nie by 'n ander hotel tuisgaan nie,'' sê sy stormagtig. ,,Ons is aangeraai om by die Central tuis te gaan. Jy kan gerus 'n paar van die Transvaalse spanlede laat saamslaap in 'n kamer, of vra om ander slaapplek te gaan soek.''

,,Juffrou, ek kan ongelukkig niks aan die saak doen nie. Ek het nou-nou die laaste kamers verhuur. Mense het van heinde en ver gekom om die wedstryd te sien. Die hotel is stampvol,'' verduidelik die klerk in 'n moeë stem. ,,Maar as u met die bestuurder wil praat. . .''

,,Toe maar, dis nie nodig nie,'' kom Obed tussenbei. ,,As die juffrou en haar broer dan so graag by die Central wil bly, kan hulle my en mnr. Eksteen se kamers kry.''

Die dametjie draai met 'n dankbare glimlag om haar mooi mond na Obed. Toe sy hom egter herken en die breë glimlag op sy gesig sien, verdwyn die glimlag en ruk sy haar kop fier omhoog sodat die swart krulle om haar ore wip. 'n Oomblik staar sy hom met kwaai vonkelende, blou oë aan en keer dan haar rug op hom. Sy praat weer met die klerk.

,,Roep asseblief die bestuurder. Ek is seker hy sal 'n plan kan maak,'' sê sy styf.

,,Juffrou, waarom neem u nie liewer die meneer se aanbod aan nie?'' vra die klerk effens ongeduldig. ,,Ek is seker die bestuurder sal u aanraai om dit te doen, want daar is eerlikwaar geen ander uitweg nie.''

,,Ek wil geen gunste en gawes ontvang van iemand wat hom gedurig 'n boggeltjie wil lag oor mense wat in die moeilikheid is nie," sê die nooientjie driftig.

,,Asseblief. Sus," praat haar broer vir die eerste keer. ,,Neem tog die kamers. Ons kan nie langer hier staan en redekawel nie. Netnou is ons laat vir die wedstryd."

,,Kyk, Juffrou," sê die klerk met 'n flouerige glimlag. ,,Kom ons sê ek kon wel 'n plan maak. Twee mense het onverwags hul kamers vir die nag gekanselleer."

Die meisie staan huiwerend en kyk van haar broer terug na die klerk. ,,Kom, Sus," hou haar broer aan. ,,Ek wil graag gaan kyk hoe die Vrystaat die Vaalpense opdreun. . ."

,,Dan is jy 'n bietjie te vroeg," val Obed hom laggend in die rede.

,,Hoe bedoel jy?" vra die jong man fronsend.

,,Ek glo nie hulle sal dit vanmiddag regkry nie," antwoord Obed en draai van hulle af weg om hom by sy spanmaats te gaan voeg.

'n Kwaai uitroep van die nooientjie laat hom vassteek. Hy kyk om en sien haar nog voor die kantoortjie staan, net so mooi en kwaad as wat sy by die motor langs die pad was. Nou het sy darem nie swart oliestrepe oor die aanvallige gesiggie nie. Bloot die gedagte aan die twee strepe laat Obed skater. Dit lyk asof die meisie hom wil stormloop. Haar broer gryp haar egter aan die arm. Blykbaar is hy nou net so kwaad soos sy. Sy blou oë is vol wrewel op Obed gerig. Obed wuif na hulle en stap in die gang af.

Hy vertel Ekkie wat gebeur het en die sersant begin hom dadelik oor die nooientjie te terg. Hy het egter reeds aan die afrigter gesê dat hy en Obed nog dieselfde nag na Johannesburg terugkeer, anders sou die nooientjie maar by hom moes slaap," sê hy.

,,Waar is sy?" wil hy weet.

,,Seker al in jou kamer," antwoord Obed.

,,Kom ons gaan kyk."

Hy mik sommer dadelik in die gang af, maar die stem van die afrigter keer hom. ,,Kom nou, Eksteen. Al die manne is gereed. Jy kan nie nou iewers heen gaan nie."

Ekkie brom konsuis kwaai en stap saam met Obed agter die ander manne by 'n sydeur op die stoep uit. Obed se gedagtes is



al weer besig met die uitlating van die jong man wat so skielik verdwyn het. Eensklaps wonder hy of die aanwesigheid van die meisie en haar broer in die voorportaal iets met die jong man se eienaardige optrede te doen het. Toe hy egter by die veld opdaag, skuif hy hierdie gedagtes op die agtergrond om hom hart en siel in die wedstryd te werp.

Dit blyk spoedig dat die Vrystaat se voorspelers swaarder as hul teenstanders is en keer op keer word Transvaal van die bal af gedruk. Die Transvaalse skakelpaar leef swaar en die Vrystaat bly knaend op die aanval. Sowat 'n kwartier na die aanvang van die wedstryd sluit die Vrystaat se heelagter by sy agterlyn aan. Met 'n man oor, bars die Vrystaat se senter by Obed verby. 'n Tree van die doellyn trek Obed hom plat maar die man slinger die bal na sy vleuel wat oorduik. Dit dawer uit die pawiljoene soos die Vrystaat se ondersteuners juig toe die bal oor die dwarslat seil en die applous begin van voor af.

Nou boer die Vrystaat in Transvaal se kwartgebied en kort voor rustyd teken die tuisspan weer 'n doel aan. Met rustyd loop hulle 12-0 voor en hul ondersteuners se aanmoedigings dreun oor die veld.

Sommer met die wegspring na rustyd begaan die Vrystaters 'n fout en Ekkie klits die strafskop netjies oor. Hierna skep die Transvalers moed en die voorspelers voer 'n dribbelloop uit wat Ekkie die geleentheid gee om die bal digby die doellyn op te raap en oor te val. Die doelskop is egter skeef en die telling kom op 12-7 te staan. 'n Minuut of wat voor die eindfluitjie skraap Obed 'n losrollende bal op die halflyn op en sit af pale toe.

Hy hoor skaars hoe die skare skree en 'n paar spanmaats hygend sy pas probeer volhou. Hy breek tussen die Vrystaat se voorspelers uit, steek links verby die senter en skiet dan weer regs om tussen die vleuel en heelagter deur te glip. Met die senter om sy bene seil hy oor die doellyn.

Dit is doodstil toe Ekkie die bal stel. Hy tree versigtig terug, draf op en stuur die bal hoog tussen die regoppale deur. 'n Oorverdowende gejuig bars uit die skare los. Transvaal loop 12-13 voor toe dien eindfluitjie blaas.

Nadat die spelers hulle verklee het, gaan hulle terug na die Central waar die spelers mekaar onthaal. Obed maak net een drankie voordat hy stil-stil wegglip. Hy stap na die